# 12 Desember 2023 - Lesing 199 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Priesterlike amp - Die Ware Dissipels – 28/5/61

**NO: 7903** Eenkeer het **Ek** My dissipels in die wêreld uitgestuur **om My wil te verkondig**, **My evangelie van die liefde.** En **Ek** het hulle gedurende My lewe op aarde onderrig. **Ek** het Self vir hulle 'n lewe van liefde voorgeleef en sodoende My leerlinge geskik gemaak om **ware verkondigers van My goddelike leer van liefde te wees**. Hulle moes mense bewus maak van die dringende behoefte aan 'n lewe van liefde en moes ook die uitwerking daarvan vir hulle verstaanbaar maak, en daarom moes die dissipels ook dit gestand kon doen na wat hulle aan hul medemens verkondig het.

**Hulle moes self oor buitengewone krag en ongewone kennis beskik**, sodat mense die waarheid van My leer daaraan kon herken en nou self daarna sou streef om tot voltooiing te kom. En die eerste dissipels het ook buitengewone krag en buitengewone kennis gehad, omdat My Gees hulle kon vervul. Want hulle is verlos deur My offerdood aan die kruis en deur hulle liefde was hulle in noue kontak met My.

Dit sal nou ook vir julle verstaanbaar wees dat slegs diegene wat **My ware dissipels en hulle navolgers** genoem kan word, **ook met My Gees vervul sal wees**, wie ook deur 'n lewe van liefde en innigste verbinding met My ook buitengewone krag van My sal trek en hulle sal oor 'n waarheidsgetroue kennis beskik wat hulle van My Self ontvang het.

Dit sal vir julle verstaanbaar wees dat nie enigeen hulleself navolgers van My dissipels kan noem, aan wie mense 'n amp toegeken het **wat slegs Ek kan toeken nie,** omdat Ek op hoogte is van die toestand van die rypheid en die wil van elke mens, en daarom weet Ek ook wie Ek vir so 'n amp sal uitkies.

**Die amp van priester kan nie deur mense toegeken word nie**. Dit is 'n amp waaroor net Ek kan besluit, omdat mense nie in staat is om te beoordeel hoe dit met die innerlike rypheid en wil van diegene gestel is, wie hulle in so 'n amp wil aanstel nie. En so sal jy dikwels ware "priesters" – dit wil sê diensknegte van God – aantref waar jy hulle die minste verwag. En jy sal toegelaat word om jou erkenning te weier aan diegene wie homself hiervoor aangestel het, **want dit vereis My aanstelling, wat ook as sodanig herken kan word.**

Die **innerlike lewe van die individu** is maatgewend van die verhouding waarin 'n persoon teenoor My staan. En die ooreenkoms word slegs tussen My en die mens gesluit. En daar is waarlik geen behoefte vir 'n derde party om te besluit waar slegs Ek die keuse maak van wie Ek as My ware dissipel in die wêreld uitstuur, **om die Evangelie aan My medemens te verkondig nie**.

As die vermoëns wat My Gees toelaat om te werk nie aanwesig is nie, dan sal die mens nie in staat wees om werklike sendingwerk uit te voer nie en sal hy vir My geen bruikbare werktuig wees nie. Hy sal homself nie as My dissipel kan uitgee nie, en **dan sal sy arbeid tevergeefs wees,** alhoewel hy dink dat hy arbeid in die wingerd verrig.

Gedurende My lewe op aarde het **Ek self** My dissipels uitgegekies. **En ek doen dit nou nog**. Maar 'n deur My aangestelde dienaar wat 'n hoë graad van rypheid het, sal ook kan besef watter taak hy nou moet volbring. En dit sal hy nou bereidwillig vervul, want Ek self sal deur en met hom werk en hy sal nou ook oor **buitengewone krag en buitengewone kennis beskik,** wat hom sal aanspoor tot onvermoeide werk in my wingerd.

**En My dissipels sal liefde verkondig en die liefde ten volle ontplooi**. Hulle sal **ware insig** hê. Hulle sal in die openbaar **vir My en My Naam opkom**.

Hulle posisie in die wêreld sal anders wees as wat julle mense verwag, want hulle sal **in die verborgene** vir My werk, maar sal geen mag vrees waaraan hulle onderworpe is nie. Want hulle sal My erken as hulle Meester wie se opdragte hulle vervul.

Hulle sal My **uit vrye wil** dien en sal My getroue dienaars wees in die laaste tyd voor die einde. Hulle sal nie **uiterlike eer en erkenning** soek nie. Hulle sal geen **aansien en waardigheid** soek nie, maar hulle deins ook nie terug vir diegene wat in aansien en waardigheid staan en erken wil word as navolgers van die apostels, as navolgers van die dissipels wat Ek eens na die wêreld uitgestuur het met die opdrag: "Gaan uit en onderrig al die volkere."

Want My ware dissipels ken hulle missie en hulle soek getrou om die amp uit te oefen waartoe Ek hulle aangestel het. En My ware dissipels sal ook nie vrees in die laaste tyd voor die einde, wanneer die geloofstryd sal ontbrand nie. Dan sal hulle My en My Naam in die openbaar bely. Hulle sal van My getuig en sterk in geloof opkom vir My en My ryk. Amein.